

**Wiskunde Graad 4**

**Kwartaal 3:**

**Volume en kapasiteit; Breuke; Heelgetalle; 2D vorms; Aansigte; Patrone**

**Augustus 2017**

**Totaal: 50**

**Vraag 1**

**1.1 Voltooi die volgende:**

1.1.1  $\frac{1}{2}$  van 300 ml = **150** ml

1.1.2  $3\frac{1}{4}$  liter = **3 250** ml

1.1.3 6,5 liter = **6** liter **500**ml

1.1.4  $\frac{1}{5}$  liter +  $\frac{1}{2}$  liter + **300** ml = 1000 ml

1.1.5 3 liter 25 ml = **3 025** ml (5)

**1.2 Vul in >; < of =**

1.2.1 2 liter 50 ml **>** 250 ml

1.2.2  $80 + 3\,000 + 4$  **<** 3 480

1.2.3  $1$  **>**  $\frac{3}{7} + \frac{3}{7}$  (3)

**1.3 Rangskik die volgende getalle in dalende orde:**

4 555; 5 444; 4 565; 4 559; 5 454; 5 399

**5 454; 5 444; 5 399; 4 565; 4 559; 4 555** (2)

**1.4 Omkring al die breuke wat ekwivalent aan  $\frac{1}{2}$  is:**

$\frac{5}{8}; \frac{2}{4}; \frac{3}{6}; \frac{6}{10}$  (1)

**1.5 Skryf die kleinste 4-syfergetal deur die getalle 8 1 9 0 te gebruik:**

**1 089** (1)

**Vraag 2**

**2.1 Bestudeer die maatbeker en beantwoord dan die volgende vrae:**



2.1.1 Wat is die kapasiteit van die maatbeker?

**1 000 ml/1 liter**

2.1.2 Hoeveel koppies vloeistof is in die maatbeker?

**3 koppies**

2.1.3 Hoeveel milliliter vloeistof moet uitgegooi word sodat die maatbeker halfvol is?

**250 ml** (3)

**Vraag 3**

**3.1 Skat die antwoorde deur elke getal eers tot die naaste 1 000 af te rond:**

3.1.1  $3\,499 + 5\,505$

Afgeronde getalle  **$3\,000 + 6\,000$**

Geskatte antwoord **9 000**

3.1.2  $8\,743 - 1\,943$

Afgeronde getalle  **$9\,000 - 2\,000$**

Geskatte antwoord **7 000** (4)

**Vraag 4**

**4.1 Voltooi die volgende getalpatrone:**

4.1.1 2 092; 2 096; **2 100; 2 104; 2 108**

4.1.2 2; 4; 8; 16; **32; 64**

4.1.3 1 345; 1 330; **1 315; 1 300; 1 285**



**4.2 Kyk na die reël wat gegee word en voltooi dan die tabel:**

Reël	3	4	5	7	9	11
$x + 3$	9	11	13	17	21	25

$(\frac{1}{2} \times 14 = 7)$

### Vraag 5


5.1 Vorm A en vorm B word gegee. Beantwoord die volgende vrae:



- 5.1.1 Wat is die naam van vorm A? **Aghoek/oktagoon**
- 5.1.2 Gee die **aantal** en **tipe** sye van vorm B **Een geboë sy**
- 5.1.3 Hoeveel simmetrielyne het vorm A? **8 simmetrielyne**

(3)

5.2 Die onderstaande prentjie is die sy-aansig van 'n man.



5.2.1 Teken nou die bo-aansig van hierdie man.




(2)

### Vraag 6

Los die volgende woordprobleme op. Was al jou stappe:

- 6.1 48 Graad 4-leerders het deelgeneem aan 'n opname waarin hulle moes sê wat hulle graag in hulle vrye tyd doen. Hulle antwoorde is in die onderstaande sirkelgrafiek opgesom.



Aktiwiteite wat graad 4's in hul vrye tyd doen

6.1.1 Beantwoord nou die volgende vrae:

- a) Wat doen graad 4-leerders die graagste in hul vrye tyd?  
**Hulle speel speletjies op hul selfone of Ipads.**
- b) Watter breuk van die leerders kyk graag TV?  
 $\frac{1}{4}$
- c) Hoeveel kinders kyk graag TV in hul vrye tyd?  
 $\frac{1}{4}$  van 48 = 12 kinders
- d) Watter breuk van die leerders speel graag buite in hul vrye tyd?  
 $\frac{1}{8}$
- e) Hoeveel kinders lees graag in hul vrye tyd?  
 $\frac{1}{8}$  van 48 = 6 kinders (7)

- 6.2 'n Watertenk waarin reënwater gestoor word, het 'n kapasiteit van 5 000 liter. Nadat dit 'n week goed gereën het, is daar 2 895 liter in die tenk. Hoeveel reënwater is nodig vir die tenk om vol te wees?

$$5\ 000\ l - 2\ 895\ l$$

$$= 2\ 105\ l$$

(2)

- 6.3 'n Houer bevat  $1\frac{1}{4}$  liter melk. Nina skink 300 ml melk in 'n glas en gooi 155 ml melk in die kat se bakkie. Hoeveel melk is daar nou in die houer oor?

$$\begin{aligned}
 & 1\ 250\ ml - (300\ ml + 155\ ml) \\
 & = 1\ 250\ ml - 455\ ml \\
 & = 795\ ml
 \end{aligned}$$

(3)

- 6.4 Erik het R650 gespaar. Hy gebruik  $\frac{4}{5}$  van sy spaargeld om 'n lego-stel te koop.
- Watter breuk van sy sakgeld het hy nou oor?
  - Hoeveel het die lego-stel gekos?
  - Hoeveel spaargeld het Erik oor?

$$\begin{aligned}
 & \text{a) } \frac{1}{5} \\
 & \text{b) } \frac{4}{5} \text{ van R650} \\
 & = R650 \div 5 \times 4 \\
 & = R520 \\
 & \text{c) } R650 - R520 \\
 & = R130
 \end{aligned}$$

(4)

- 6.5 'n Boer wil 500 ml-houers volmaak met 78 liter koeimelk. Hoeveel 500 ml-houers sal hy kan volmaak?

$$\begin{aligned}
 & 1000\ ml \div 500\ ml \times 78 \\
 & = 2 \times 78 \\
 & = 156\ \text{houers}
 \end{aligned}$$

(3)

**TOTAAL: 50**